# Abraham Kriel Kinderhuis

## Nylstroom



66 *Jaar van Hoop, Omgee en Herstel'n Tuiste waar kinders weer kan droom*

**Vir die afgelope 66 jaar bied Abraham Kriel Kinderhuis Nylstroom 'n veilige tuiste van liefde, genesing en hoop aan kinders wat traumatiese omstandighede beleef het.**
**Ons missie is om elke kind te help om die pyn van die verlede te oorkom, hul potensiaal te ontdek en met selfvertroue en na die toekoms uit te reik.**

## ONS MISSIE


Ons missie is om elke kind te help om die pyn van die verlede te oorkom, hul potensiaal te ontdek en met selfvertroue en na die toekoms uit te reik.

## ONS FOKUS

By Abraham Kriel Kinderhuis Nylstroom werk ons ontwikkelingsgerig.
Ons glo dat elke kind uniek is en die vermoë het om bo hul omstandighede uit te styg wanneer hulle liefde, ondersteuning en geleenthede ontvang.

**Deur gestruktureerde programme, emosionele ondersteuning en 'n stabiele omgewing help ons kinders om:**

- Hoop vir die toekoms te ontwikkel
- Selfvertroue op te bou
- Emosionele genesing te ervaar
- Positiewe waardes en dissipline aan te leer
- Hul volle potensiaal te bereik





Abraham Kriel Kinderhuis
Nylstroom



# DIE HART VAN ONS KINDERHUIS

## KINDERVERSORGERS

Ons **22** toegewyde kinderversorgers vorm die hart van ons huishoudings. Hulle bied daagliks liefde, stabiliteit, ondersteuning en versorging aan die kinders in hul sorg. Hierdie versorgers help kinders om weer trots op hulself te wees en hul daaglikse verantwoordelikhede met selfvertroue aan te pak. Hulle leer ons kinders dat God ons vader is en dat hy sorg.

## MAATSKAPLIKE DIENSTE

Ons span van 6 maatskaplike werkers speel 'n sleutelrol in die emosionele herstel van ons kinders. Deur terapeutiese ondersteuning, programme en aktiwiteite word kinders gehelp om hul situasies beter te verstaan, trauma te verwerk en weer positief oor hul toekoms te droom.

## WAARDIGHEID DEUR OMGEE

Die Klerekruik is ons klerestoor waar gebruikte klere en goedere vanuit die gemeenskap versamel word. Hierdie projek verseker dat ons kinders netjies, skoon en met waardigheid in die gemeenskap kan beweeg sonder om as behoeftig uit te staan.

## 'N TROTS-VERSORGDE OMGEWING

Ons 19 hektaar terrein word met trots onderhou deur, 4 tuinwerkers, 2 algemene werkers en'n toegewyde terreinbestuurder. Die span sorg dat ons terrein, geboue en fasiliteite netjies, veilig en goed versorg bly - 'n omgewing waar kinders veilig kan speel, leer en groei. Ons vlootbestuurder verseker dat al ons voertuie veilig, gelisensieerd en betroubaar is sodat ons 3 drywers ons kosbare kinders daagliks kan vervoer.


## ONS PERSONEEL: ONS GROOTSTE BATE

Ons menslikehulpbronbeampte verseker dat personeelondersteuning, wetlike vereistes en personeelwelstand professioneel bestuur word. By Abraham Kriel Kinderhuis Nylstroom glo ons dat lojale en toegewyde personeel die fondament van suksesvolle kindersorg is. Die passie, deernis en toewyding van ons personeel maak dit moontlik om elke dag 'n verskil in kinders se lewens te maak


## SAAM BOU ONS AAN 'N HOOPVOLLE TOEKOMS

## ELKE KIND VERDIEN


### LIEFDE




### VEILIGHEID



### ONTWIKKELING



### HOOP



# RAAK BERTROKKE

By Abraham Kriel Kinderhuis Nylstroom bou ons elke dag aan ’n veilige, liefdevolle en hoopvolle toekoms vir elke kind in ons sorg.
Ons nooi gemeentes, besighede en individue uit om saam met ons ’n verskil te maak in die lewens van kwesbare kinders. Elke hand wat help, elke bydrae en elke gebed maak ’n blywende impak.
Indien u of u gemeente betrokke wil raak by hierdie besondere missie, kontak gerus vir



**GERDA VAN DER MERWE**

082 410 2635

HOOF@AKKNYL.CO.ZA


## HUIDIGE PROJEKTE

- TERAPEUTISE GROEPWERK
- GROENTETUIN
- “SHOW ON THE ROAD” - DRAMA GROEP
- SURVIVOR PROJEK
- TALENT AAND
- AMBASADEURS PROJEK
- “BADGE BUILDER” VAARDIGHEIDS ONTWIKKELING
- BAK EN BROU PROJEK

# SAAM BOU ONS AAN ’N HOOPVOLLE TOEKOMS

# ELKE KIND VERDIEN


**LIEFDE**



**VEILIGHEID**



**ONTWIKKELING**



**HOOP**

